



17 Januarie 2024

MEDIAVERKLARING:

OPGESKORTE VONNIS VIR HERHAALDELIKE VEEDIEFSTAL KOMMERWEKKEND!

Die nuus dat die misdadiger Mokgethwa Gabanathake op 16 Januarie 2024 'n veediefstal vonnis van drie jaar, opgeskort in geheel ontvang het, is uiters kommerwekkend. As daar in ag geneem word dat hy in 2017 reeds skuldig bevind is vir dieselfde misdryf, en toe ook 'n opgeskorte vonnis ontvang het, maak dit hierdie nuus nog meer skokkend.

Agri NW in samewerking met die NWRPO, het reeds dieselfde dag gesprekke gevoer met die Aanklaer, en daarna 'n versoek gerig aan die Senior Aanklaer, namens die klaer, dat daar teen die uitspraak geappelleer moet word.

Verdere gesprek met die Nasionale Vervolgingsgesag sal gevoer word, totdat die uitspraak ter syde gestel word, of verduidelikende en aanvaarbare ander inligting beskikbaar gestel word, wat tans nie tot ons beskikking is nie.

Soos met ander historiese, meer bekende sake in dieselfde omgewing, doen hierdie uitspraak niks om vertroue in die Strafstelsel te verbeter nie.

Agri NW en die NWRPO sal steeds beginselvas, pro-aktief en beslissend bly werk om die regte van ons lede te beskerm.

Navrae:

Naudé Pienaar
Adjunk-Hoofbestuurder, Agri NW
082 776 8283

Sarel Pretorius
Voorsitter: Landelike Veiligheid, Agri NW
082 375 4197